

Hemelvaart 21 Mei 2020

Huisgodsdienst



Inleiding

Vandag is Hemelvaart, waar ons weer mekaar herinner watter groot God ons dien. Nie net 'n God wat gekom het om vir ons Sondes te kom sterf nie, maar ook Sy taak voltooi het, deur op te staan uit die dood, en op te vaar na die Hemel. En watter troos is dit nie om dat te besef dat Hy besig is om vir ons plek gereed te maak nie, en dat Hy by die Vader is om vir ons in te tree nie.

Votum en Gebed

Alle volke, loof die Koning! Oorwinnend gaan hy na sy woning, in goddelike majesteit. Op 'n wolk voor mense oë, onpeilbaar deur die hemelboë vaar hy ohoog in heerlijkheid. Aan God se regterhand hou hy sy werk in stand. Loof die Koning! Buig voor hom neer, bring aan hom die eer: Oorwinnaar, Redder, Christus, Héér!

Seëngroet (seën mekaar)

Genade en vrede van een Skepper-God **van alle sienlike en onsienlike dinge**. Genade en vrede van een Here, Jesus Christus, Lig uit Lig, **wat sit aan die regterhand van die Vader**.
Genade en vrede van die Heilige Gees, **wat ons Here en Lewendmaker is**.

Amen.

Skriflesing 1: Handeling 1:1-11 (Lees saam: Die belofte van die Heilige Gees)

Geloofsbelydenis (Doen hardop saam)

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;

wat ontvang is van die Heilige Gees,

gebore is uit die maagd Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus,

gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;

wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;

wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

van waar Hy sal kom om te oordeel dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk,

die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes;

die opstanding van die vlees

en 'n ewige lewe.

Skriflesing 2: Psalm 47:1-1 (God is bo almal verhewe)

Preekstudie

Psalm 47 is 'n loflied aan God, die groot koning wat oor alles verhewe is, en wat nou regeer. Hierdie Psalm word tradisioneel met Hemelvaart verbind, omdat Hemelvaart die viering van Christus se Koningskap is. Die konteks van Psalm 47 is die Ou Testamentiese erediens, soos bly uit vers 6: God gaan op na sy tempel toe onder gejubel, die Here gaan op terwyl die ramshoring blaas.

Die erediens is die ruimte waarin God se koningskap vir die volk helder beleefbaar word. Aangesien Hy regeer, is daar vir die volk vreugde en sekuriteit moontlik. Daarom die oproep dat God geprys moet word met psalms.

In die Nuwe Testament

Die perspektief op God as Een wat op die wêreldtroon sit, speel 'n groot rol in die beskrywing van God in die Nuwe Testament. Dink maar aan die Openbaring van Johannes waar Johannes 'n hemelse erediens sien afspeel, met God op die troon as die sentrale figuur. Wat ook al gebeur, en hoe sleg omstandighede ook al mag lyk, die finale werklikheid is dat God op die troon sit. Die ganse wêreldgeskiedenis eindig voor sy troon.

Die Nuwe Testament maak hierdie perspektief ook op Jesus van toepassing, veral na Jesus se opstanding en hemelvaart. Van Hom word bely dat Hy aan die regterhand van God op die troon gaan sit het. Hy regeer oor alles.

Jesus se koningskap beteken veral dat Hy oorwin oor al die magte en kragte wat ons lewens kan bedreig. Soos Efesiërs 1:19 vv dit stel:

Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom.

God regeer in Christus oor alles, wat beteken dat ons nie uitgelewer is aan die magte en kragte nie.

Nader as wat ons dink

Dit beteken dat Christus nie ver is nie, al voel dit dikwels so. Hoewel ons Jesus nie kan sien nie, is die Nuwe Testament vol daarvan dat Jesus aktief betrokke is by die wêreld, en spesifiek aktief regeer. Dink maar aan Jesus se teenwoordigheid in Handeling 6, met die sterwende Stefanus wat Jesus aan die regterhand van die Vader sien staan, en Paulus aan wie Jesus verskyn. Dieselfde geld Openbaring, wat lig op Jesus se teenwoordigheid laat val.

Helmut Thielicke skryf:

Die hemelvaart beteken nie dat Jesus ons verlaat nie. Inteendeel, dit beteken dat Hy geweldig naby aan ons kom. Die grens tussen hierdie wêreld en die wêreld daarbo, wat op Kersaand oorgesteek is, word nog 'n keer oorgesteek, en spesifiek op 'n nuwe manier. Toe Jesus vroeër op aarde geleef het, was Hy naby aan 'n klein groepie, slegs maar die klein klompie dissipels. Sy teenwoordigheid was beperk deur tyd en ruimte. Destyds het net 'n paar mense sy woorde gehoor. Vandag omspan sy woorde die hele wêreld. Toentertyd kon net 'n paar van sy vriende pleit: "Bly by ons oor, want dit is amper aand." Vandag vou miljoene hande in gebed, en waar twee of drie in sy Naam bymekaar is, is Hy

teenwoordig. Hy word nie teruggehou deur die deure van ons huise en deur die mure van gevangnisse nie.

Die vrug van Hemelvaart is dat Jesus naby aan ons is en ons vashou. Ons word vandag opnuut bewus hiervan en leer uit hierdie werklikheid leef.

Kan ons dit altyd sien?

Ja, Psalm 47 roep alle volke en maghebbers, tiranne en terreurorganisasies, internasionale konglomerate en raadsale op om die werklikheid te erken: die God wat ons in Jesus ken is die Koning, aan Hóm behoort al die mag in die hemel én op die aarde.

Maar kan ons dit altyd sien? Nee, natuurlik nie. Partykeer lyk dit of korrupsie die oorhand kry. In die Midde-Ooste en in Noord-Afrika word Christene gewelddadig vervolgt. In ons eie plaaslike wêreld lyk dit dikwels of die wêreld, boelies en skynheiliges die oorhand het.

Soos Psalm 47, open Hemelvaart egter ons oë vir die werklikheid van God. Ons word genooi om ons lewens aan die Koning toe te vertrou, en vanuit geloof te lewe. Jesus het nie verniet sy dissipels by sy hemelvaart opdrag gegee om terug te gaan Jerusalem toe en te wag op die Heilige Gees nie. Die krag van die Gees, en die vernuwing van die Gees, is die krag waaruit ons lewe onder Christus se koningskap, selfs al kan ons min daarvan sien (Handelinge 1:8).

Hemelvaart, Jesus se koningskap, wil ons sig op die werklikheid herstel: dat die daaglikse werklikheid, of dit nou glansryke voorspoed of uiterste ellende is, nie die finale werklikheid is nie. Ons belydenis laat ons nie hierdie voor die handliggende werklikheid mis kyk nie; dit plaas dit in perspektief, die perspektief van Christus wat juis deur die dood heen iets anders kom bewerk het. Dit motiveer en mobiliseer ons om die vals werklikheid aan die kaak te stel vir wat dit is; daarteen te protesteer met woord en daad.

Hemelvaart tel ons koppe op, en draai dit in die rigting van die troon van God. Sodra ons God se koningskap 'n slag weer in die erediens beleef het, kan ons vir Christus gaan lewe.

Gebed

In alle plekke van konflik ...

Laat u koninkryk kom.

In die hart van elke geweldenaar ...

Laat u koninkryk kom.

In die hart van elke soldaat, In die hart van elke politikus, In die hart van elke slagoffer van oorlog, In die hart van elkeen wat honger ly ...

Laat u koninkryk kom.

In die hart van elke daklose ...

Laat u koninkryk kom.

In die hart van elkeen wat wanhoop, In die hart van elkeen wat siek is, In die hart van elkeen
wat verslaaf is ...

Laat u koninkryk kom.

In die hart van elkeen met skuld wat nie betaal kan word nie, In die hart van elkeen wat
eensaam is, In die hart van elkeen wat vrees ervaar ...

Laat u koninkryk kom.

In die hart van elkeen wat teneergedruk is ...

Laat u koninkryk kom.

In die hart van die wêreld ...

Laat u koninkryk kom.

Amen.